



# **TOERISME**

**GRAAD 11**

**HERSIENINGSVRAE**

**KWARTAAL 3**

**ONDERWERP: KAARTWERK EN TOER-  
BEPLANNING**

**INHOUD: DIE REISPLAN**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamenvraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 7 bladsye.

**ONDERWERP: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING**

**INHOUD: DIE REISPLAN**

**NOV 2014 EC  
VRAAG 2**

2.3 Die sukses van 'n toer hang grotendeels af van die mate van sorgvuldige beplanning. Daar is verskillende soorte reisplanne wat deur 'n toerbeplanner gebruik kan word om 'n toer te beplan. Onderskei tussen die volgende tipes reisplanne:

2.3.1 Algemene reisplan (2)

2.3.2 Persoonlike reisplan (2)

2.3.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel van 'n voorbeeld van 'n reisplan en beantwoord die vrae.

**DIE GROOT ZIMBABWE ERVARING  
7 NAGTE EN 8 DAE ZIMBABWE ERVARING**

**Dag 1:** Aankoms te Victoriavalle-Lughawe, Zimbabwe  
Aankoms met BA6285 @ 13:05 of SA040 @ 12:40.  
Zimbabwe is ongetwyfeld Afrika se "Juwel" met so baie asemrowende besienswaardighede, van die magtige Zambesirivier tot die majestueuse Victoriavalle. Hierdie is 'n moet-sien bestemming!

**Dag 2:** Witwatervlotry (White Water Rafting)  
07:00 Ontbyt word bedien  
08:00 Afhaal vir jou Witwatervlotry ekskursie.  
Hierdie eendagtoer is die hele jaar beskikbaar afhangend van die rivierwatervlakke. Adventure Zone bedryf hierdie aktiwiteit van beide kante van die Zambesirivier.  
Geniet 'n sonsondergangaandete-rit na jou vlotervaring!

[Bron: <http://www.gotothevictoriafalls.com>]

(a) Bepaal of die gegewe reisplan 'n algemene reisplan of 'n persoonlike reisplan is. (1)

(b) Identifiseer die reismotivering van hierdie reisplan. (1)

**NOV 2015 EC  
VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**Leeuwenhof Country Lodge & Garden Spa**



Bederf jouself en jou maat met 'n ontspannende een of twee nagte verblyf by die Leeuwenhof Country Lodge & Garden Spa, geleë aan die voet van die Waterberg, midde in die rykdom van die natuur, 'n 90 minute rit vanaf Pretoria.

**Bly twee nagte spesiale aanbod**

Vir slegs R3 975, geniet twee nagte verblyf vir twee in die luukse Prestige Slaapkamer. Die pakket sluit in: aandete, bed en ontbyt, die gebruik van die spafasiliteite, wildbesigtigingsrit en een van die vele spa-behandelings wat aangebied word.

Bly vir 3 nagte en spaar 50% op die 3<sup>de</sup> nag.

Vir verblyf in 'n suite of reuse tent met 'n jacuzzi, sal die pakket per paartjie R3 000 vir een nag of R5 000 vir twee nagte wees.

Tel: (014) 717 9811/9812 of 087 803 5873/4

Kontakpersoon: Helena

Geldigheid van aanbod: Tot 31 Mei 2014; bespreking noodsaaklik en is onderhewig aan beskikbaarheid.

[Bron: <http://www.sahiddentreasures.co.za>]

- 2.1.1 Identifiseer 'n reismotiveerder vir 'n toeris wat graag van hierdie spesiale aanbod gebruik wil maak. (1)
- 2.1.2 Noem TWEE fasiliteite en of dienste wat by hierdie spesiale aanbod ingesluit is. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Noem TWEE fasiliteite en of dienste wat by die prys van hierdie spesiale aanbod uitgesluit is. (2 x 1) (2)
- 2.1.4 Adviseer 'n voornemende toeris oor wat hy moet inpak indien hy/sy van hierdie spesiale aanbieding wil gebruik maak. (1)

**NOV 2016 EC**  
**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**4 DAG PAFURI STAPROETE (4DPWT) –Van R5 458 pp**

**Dag 1: Verkenning van die Noordelike Nasionale Krugerpark begin**  
 Ontmoet jou gids by die Luvuvhu Rivierbrug. Nadat jy jou voertuig parkeer het sal jy padlangs of te voet vertrek na die basiskamp. Vestig jou by die kamp vir 'n veiligheid inligtingsessie met jou gids.

Vertrek op 'n middag staptog. Met die terugkeer na jou kamp, sal drankies bedien word. Daarna kan jy ontspanningstyd geniet voor aandete wat op 'n oop vuur voorberei sal word. Ontspan na aandete en gaan slaap in jou tent.

**Aktiwiteit:** Middag staptog / **Etes:** Aandete

**Dag 2 en 3: Stapsafari's en aandete onder die sterre**  
 Na 'n vroeë wakkermaak oproep en ligte versnapering sal jy die noordelike Nasionale Krugerpark te voet verken. Keer terug na die kamp vir 'n rustige laat ontbyt (brunch). Daarna kan jy ontspan ter voorbereiding van 'n middagstap of rit, afhange van die hoeveelheid diere in die omgewing. Keer terug na die kamp vir 'n ontspannende warm stort gevolg deur skemerkelkies en verversings. Aandete sal om die vuur bedien word.

**Aktiwiteite:** Oggend en middag staptogte / **Etes:** Ligte oggend versnapering, laat ontbyt en aandete

**Dag 4: Vertrek**  
 Vanoggend groet ons die avontuur-ervaring in die noordelike Nasionale Krugerpark. Na 'n ligte versnapering en 'n kort oggendstap, keer terug na die roetekamp vir 'n heerlike laat ontbyt (brunch). Na die oggendaktiwiteite, vertrek terug na die voertuie om na die ontmoetingsplek te reis vir verdere reëlins.

**Aktiwiteit:** Kort oggendstap / **Etes:** Ligte oggend versnapering en laat ontbyt (brunch)

[Bron: <http://www.krugerpark.com>]

- 2.1.1 Identifiseer EEN tipe toeris wat bogenoemde toer sal meemaak. (1)
- 2.1.2 Bepaal of bogenoemde toer 'n voorbeeld is van 'n algemene toer of 'n persoonlike toer. Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.1.3 Identifiseer die tipe akkommodasie wat op hierdie toer gebied word. (1)
- 2.1.4 Word vervoer na en van die Kruger Nasionale Park ingesluit in hierdie toer? Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.1.5 Lys TWEE dienste wat aan toeriste op hierdie toer gebied word. (2)

**NOV 2017 EC  
VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die onderstaande pakkettoer en beantwoord die vrae.

<b>Askari Safarigastehuis (Game Lodge) en Spa – Magaliesburg (2 nagte)</b>	
Dag 1	Vlug: Port Elizabeth na Johannesburg Motorhuur: Avis Car Hire Verblyf: Askari Safarigastehuis en Spa
Dag 2	Motorhuur: Avis Car Hire Verblyf: Askari Safarigastehuis en Spa
Dag 3	Motorhuur: Avis Car Hire Vlug: Johannesburg na Port Elizabeth
<p>Ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Retoervlugte van Port Elizabeth na Johannesburg</li> <li>• 3 Dae motorverhuring met 200 km gratis daaglik, beperkte afstanddoening, lughawebelasting en toerismeheffing</li> <li>• 2 Nagte verblyf by Askari Safarigastehuis en Spa</li> <li>• Ontbyt en aandete daaglik</li> <li>• BONUS: Een wildrit per verblyf</li> <li>• Reisdatums: 1 November 2017 – 31 Januarie 2018</li> <li>• Koste: R4 406 pp. wat deel</li> </ul> <p style="text-align: right;">[Bron: <a href="http://www.thompsons.co.za">www.thompsons.co.za</a>]</p>	

- 2.1.1 Lys TWEE dienste wat aan gaste wat bostaande toer bespreek, gebied word. (2)
- 2.1.2 Noem EEN tipe toeris wat sal oorweeg om die bostaande toer te bespreek. Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.1.3 Identifiseer EEN reismotiveerder vir die pakkettoer. (2)
- 2.1.4 Stel TWEE items voor wat 'n toeris moet pak ter voorbereiding vir die pakkettoer. Neem die tyd van die jaar in ag wanneer die toer beskikbaar is. (2)

**NOV 2018 EC**  
**VRAAG 2**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

<p><b>WILDLEWE-ERVARING</b> deur Simeliza Toere aangebied.</p> <p>Geniet twee dae en een nag in tente by Nkambeni Safarikamp (Tented Safari Camp) in Kruger Nasionale Park</p>		
<p><b>Ingesluit</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Retoer pendeldienste van Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe</li> <li>• Sonsondergang wildrit en vroegoggend stap in die bos</li> <li>• Alle maaltye, peuselhappies en drankies</li> </ul>	<p><b>Uitgesluit</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vlugkaartjies</li> <li>• Persoonlike uitgawes</li> </ul>	
<p><b>Koste ZAR 3760,00 pp</b> Tariewe is onderhewig aan beskikbaarheid en wisselkoersskommelings 'n 50% Deposito word benodig om jou bespreking te waarborg</p>		 <p>[Aangepas uit: <a href="http://www.shotleft.co.za">www.shotleft.co.za</a>]</p>

- 2.1 Identifiseer die tipe toeris wat sou belangstel om hierdie 2-dag ontmoeting te bespreek. Motiveer jou keuse van tipe toeris. (3)
- 2.2 Gee EEN voorbeeld van vervoer wat:
- 2.2.1 By die prys van die 2-dag ontmoeting ingesluit is (1)
- 2.2.2 Van die toerprys uitgesluit is (1)
- 2.3 Stel TWEE items voor wat 'n persoon, wat die bostaande pakkettoer gaan meemaak, moet onthou om in te pak. (2 x 1) (2)
- 2.4 Verduidelik die begrip *wisselkoersskommelings* waarna in die uittreksel verwys word. (2)

**NOV 2019 EC  
VRAAG 2**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

**RAVENALA ATTITUDE – Seychelles van R23 010,00 pp wat deel**



**Reistydperk:**  
18 April 2019 – 25 April 2019

**Bestemming:** Seychelles

**Ervaring:**  
Strand- & Eilandvakansie

**Sluit in:**  
Prys van Johannesburg – R23 010,00 pp wat deel  
Prys van Durban – R23 010,00 pp wat deel  
Prys van Port Elizabeth – R24 601,00 pp wat deel

**Invliegpakket sluit in:** retoervlugte van Johannesburg na Seychelles, retoer lughawe tot lughawe pendeldienste, 5 nagte verblyf by Ravenala Attitude (paartjiesuite), ontbyt & aandete daaglik

**Uitgesluit:** addisionele pendeldienste, foonkies, professionele fooie, maaltye nie in die pakket genoem nie

**Verwysing:** TH2217730

[Verwerk uit [www.suretravel.co.za](http://www.suretravel.co.za)]

- 2.1 Die bostaande toer is 'n voorbeeld van 'n geskeduleerde toer. Motiveer hierdie stelling. (2)
- 2.2 Identifiseer die reismotiveerder vir hierdie toer. (2)
- 2.3 Maak 'n afleiding oor TWEE aktiwiteite waaraan 'n persoon wat op bostaande toer bespreek in Seychelles aan kan deelneem. (2 x 1) (2)